English follows

Zuma stem in om jou brief teen misdaad te ontvang

Jy is een van meer as 60 000 Suid-Afrikaners wat oor die misdaadsituasie in Suid-Afrika aan die President geskryf het. President Jacob Zuma het, ná volgehoue druk deur Solidariteit, ingestem om die misdaadbriewe van derduisende ontevrede Suid-Afrikaners wat die afgelope twee weke ingestroom het op Dinsdag, 9 Maart te ontvang.

Solidariteit het dié veldtog begin om druk op die Suid-Afrikaanse regering te plaas en die ware erns van misdaad te beklemtoon. Solidariteit wil sodoende toesien dat die regering misdaad as 'n groter prioriteit beskou en die probleem dringend aanpak.

Solidariteit het reeds meer as 60 000 briewe en SMS'e van Suid-Afrikaners ontvang waarin hulle hul misnoeë met die huidige misdaadsituasie en die regering se hantering van die probleem uitdruk. Solidariteit het ook verlede week 'n video bekend gestel waarin van die mense hulle stories aan die president vertel. Die video is op verskeie webblaaie gepubliseer en mense dwarsoor die wêreld het gekyk en geluister na die briewe wat president Zuma nie wou aanvaar nie. Die video kan op **www.stube.co.za** gekyk word.

Jy is een van die mense wat aan president Zuma wou vertel van jou pyn en vrees as gevolg van misdaad. Die presidensie wou nie jou brief aanvaar nie, maar dit het ons net meer vasberade gemaak om die boodskap oor te dra. Die momentum is landswyd nou so groot dat dit byna onkeerbaar is.

Hiermee wil ons jou aanmoedig om die boodskap te versprei onder vriende en familie, sodat ons mik om 100 000 briewe aan die president te oorhandig.

Laat jou stem hoor – die tyd raak min!

Solidariteit doen 'n beroep op Suid-Afrikaners wat nog nie aan die veldtog deelgeneem het nie om nou hulle stem by die meer as 60 000 ander stemme te voeg.

Neem só deel:

- Besoek die webwerf **www.geagtepresident.co.za** en stuur die algemene brief wat hier beskikbaar is of rig 'n persoonlike brief aan die president.
- Stuur 'n SMS na 35960. Begin die SMS met die woord "misdaad", gevolg deur jou persoonlike boodskap.

Zuma agrees to receive your letter about crime

You are one of more than 60 000 South Africans that wrote a letter about the crime situation in South Africa to our president.

President Jacob Zuma has agreed this week to receive the anti-crime letters sent by thousands of dissatisfied South Africans over the past two weeks. He will take delivery of the letters on Tuesday, 9 March.

Solidarity launched this campaign to put pressure on the South African government and to highlight the seriousness of crime. Solidarity thereby wants to ensure that the government raises the priority level of crime and tackles the issue as a matter of urgency.

To date, Solidarity has received more than 60 000 letters and SMSs from South Africans in which they express their dissatisfaction with the current crime situation and the government's handling of it. Solidarity also launched a video in which people tell their stories to the President last week. The video was published on various websites and people across the world could watch and listen to the letters that President Zuma had turned away. The video can be watched at **www.stube.co.za**.

You are one of the people who wanted to tell President Zuma about their pain and fear as a result of crime. The presidency had turned away your letter. However, it increased our resolve to get the message across. The campaign has built up momentum and has become almost unstoppable.

We want to encourage you to spread this message to friends and family, to ensure that the president receives even more letters.

Make your voice heard – time is running out

Solidarity calls on South Africans who have not yet participated in the campaign to add their voices to the more than 60 000 other voices.

You can support the campaign as follows:

- Visit the website **www.dearpresident.co.za** and send the general letter that is available on the site or a personal letter to the President.
- Send an SMS to 35960. Start the SMS with the word "crime", followed by your personal message.

• TEKEN IN/SUBSCRIBE • TEKEN UIT/UNSUBSCRIBE